

**LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD****Sondag 12 Februarie 2012**

| Oggenddiens 09:30 |                 |        | Aanddiens 18:00              |        |
|-------------------|-----------------|--------|------------------------------|--------|
|                   | Lied            | Bladsy | Lied                         | Bladsy |
| 1.                | Psalm 147:1 & 4 | Bl.705 | Psalm 98:1 & 2               | Bl.488 |
| 2.                | Psalm 40:4      | Bl.205 | Psalm 16:1 & 5               | Bl.61  |
| 3.                | Psalm 2:1 & 6   | Bl.5   | Skrifberyming 18-7:1, 11, 12 |        |
| 4.                | Psalm 48:1 & 5  | Bl.243 |                              |        |

**KAPPIE- EN KOSMOSTOER – 55 PLUSERS**

Alle 55 Plusers moet asseblief **Saterdag 25 Februarie 2012** oophou vir 'n Kappie- en Kosmostoer na Potchefstroom. Volle besonderhede sal verskaf word in Simbaal van 19 Februarie 2012. Skryf solank julle name op die lys in die portaal of in die konsistorie.

**BEROEPE – GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA****BEROEPE ONTVANG**


- Ds. PC van Rooy van Komatipoort na Boksburg-Suid.

**BYBELSTUDIEGROEPE****SONDAG 12 FEBRUARIE 2012**

19:00-20:00 in die konsistorie.

**WOENSDAG 15 FEBRUARIE 2012**

10:00-11:0 in die pastorie.



✘ *Om jou hart aan die mens te gee is dikwels 'n dobbelspel, om dit aan God te gee, is 'n veilige belegging.*

✘ *Die kwaadstoker sal ophou fluister as jy weier om te luister.*



# SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord**[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 12 Februarie 2012

Nommer 4

**‘N DAAD VAN GOD**

Mense wil sêf dinge doen, sêf inisiatief behou en sêf kies. Daarom dink hulle dat jy sêf kan besluit om 'n kind van God te wees. Jy moet Jesus *aanneem* dan maak jy van jouself 'n kind van God. Dis nie waar nie!

- ♦ Jou verlossing is 'n volkome *eensydige daad* van God.
- ♦ God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy Seun *gegee* het tot verlossing van sondes (Joh.3:16).
- ♦ Uit louter genade, sonder dat die mens dit begeer of gevra het, het die Here sy *genadeverbond* met die mens opgerig (Gen.17:7, Eks.6:4, Rom.9:4, Gal.3:17).
- ♦ In hierdie verbond het die Here *belowe* dat Hy sal salig maak. Hy onderneem dit. Dit is 'n daad van God se kant sonder enige bydrae van die mens.

Die Here het nie voorwaardes gestel nie. In Christus het Hy die sondes versoen. God se belofte is *vas* en *seker*. By die *doop* van elke verbondskind bevestig God die belofte. By die doop is dit nie die ouers wat 'n keuse maak nie – *Gód kies, nie ons nie* (Ef.1:4). By die doop luister jy na God se keuse: *Hierdie kind is myne daarom ontvang die kind 'n teken as bewys van God se belofte. As erfgename van die ryk van God en van sy verbond word die kind gedoop. Hierdeur word bevestig dat jy 'n kind van God is. Daarom moet jy soos 'n kind van God uit sy Woord lewe.* Al wat nou oorbly is om te vra of jy 'n gehoorsame of ongehoorsame kind van die Here is.

Dr. Nico van der Merwe



## PREKE VANDAG

Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **OM JESUS TE VOLG**

Lees: Matteus 8:18-22

Teks: Matteus 8:22 (Volg My)

Om Jesus te volg beteken meer as om net agter Hom aan te gaan. Die woord wat hier met volg vertaal is, het die betekenis om mee saam te gaan, in die teenwoordigheid van iemand te wees en om 'n dissipel, 'n leerling te wees. Jesus se opdrag om Hom te volg is dus terselfdertyd ook 'n opdrag om Hom te ken, en van Hom te leer, om in Sy teenwoordigheid te wees en te gaan waar Hy gaan. Maar ons moet die volle betekenis daarvan besef: Wat beteken dit regtig om te gaan waar Hy gaan. Vir baie is die kerk 'n veilige oase. 'n Plek om weg te kruip van die wêreld se probleme en teenstand. By die kerk wil ons kom rus en wil ons baie beslis nie uit ons gemaksonde geruk word nie. Hier wil ons die probleme wegsluit, weg van ons af. Maar die ding van 'n deur wat gesluit is, is dat dit nie net die buitekant van ons af wegsluit nie, dit sluit ons ook van die buitekant af. Dit maak ons onsigbaar en uiteindelik nutteloos. En daarom stuur Jesus Sy dissipels uit, agter die geslote deure uit – al is dit in probleme en swaarkry in – om Sy dissipels te wees.

Aanddiens Tema: **DIE TROOS VAN GOD SE UITVERKIESENDE GENADE**

Lees: Jesaja 43:1-13

Teks: Jesaja 43:4

Heidelbergse Kategismus, Sondag 1

Dit is wonderlik om getroos te word. As ek bang is, hartseer is, moedeloos is, dan gee die wete dat iemand omgee iemand saam my voel om hy of sy vir my lief is al klaar vir my nuwe krag, nuwe hoop. Maar hoe wonderlik die troos van mense rondom ons ook al is, bly dit eintlik maar net woorde. Want ware troos beteken tog om dit wat maak dat ons troos nodig het weg te neem. In die plek van dit wat my hartseer of moedeloos maak, moet daar iets kom wat groter is as die probleem waarmee ek worstel. Iets wat die droefheid so oorskadu dat ek nie meer die seer raaksien nie, maar net dit wat in die plek daarvan gekom het. In Sondag 1 hoor ons die troos.



AKADEMIE REFORMATOIRSE OPLEIDING EN STUDIES

**AROS NEEM STUDENTE IN!**

Die Here het Aros buitengewoon geseën – die eerste private Christelike onderwysersopleidingsinstansie in Suid-Afrika. Vandeeweek het Aros begin om vir die eerste keer sy eie onderwysstudente in te neem! Aros besef dat hierdie 'n groot geskenk uit die hand van die Here is. Aros het hierdie week goedkeuring van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ontvang om 'n onderwysgraad op universiteitsvlak aan te bied. Dit is bedoel vir die opleiding van grondslagfase onderwysers (Gr. 0-3) wat na hul studies by openbare en private skole kan klasgee. Die aantal inskrywings wat deur die week ontvang is, toon die groot tekort aan Christelike Afrikaanse onderwysinstellings in Suid-Afrika. Aros hoop om 'n bydrae te maak om die tekort aan onderwysers te verminder. Graag wil ons lidmate in die GKSA laat deel in ons dankbaarheid en hulle bedank vir hul ondersteuning in die afgelope jare. Mag die Here Aros in die jare wat kom vashou en seën.

Aros-groete

Lydia van der Kooy

**REGSTELLING**

Op die geel inligtingsgids wat die ouderlinge aan die gemeente gaan uitdeel is die selnommer van ds. Andre de Jager foutief.

Ds. De Jager se selnommer is: **082-975-2745**.

## **VARS ONDERWYS – NAMIBIË**

Die Vereniging vir Akademie Reformatoriese Studies, hierna genoem die Vereniging/VARS, is gestig op 14 Januarie 2011 en is gevestig in Namibië. Die **doelstellings** van die Vereniging is om: □ Reformatoriese onderwys in die algemeen te bevorder. □ 'n Akademie op die been te bring om Reformatoriese Onderwyseropleiding op tersiêre vlak te onderneem en te bevorder. □ 'n Akademie op die been te bring om Reformatoriese navorsing te onderneem veral, maar nie uitsluitend met die oog op Reformatoriese onderwys. Die Vereniging is gegrond op die Woord van God, ooreenkomstig die Reformatoriese leer soos uiteengesit in die Drie Formuliêre van Eenheid. Die Akademie vir Reformatoriese Opleiding en Studies (**AROS**) in Suid-Afrika, het hulle volle samewerking gegee om VARS behulpsaam te wees in die oprigting van 'n soortgelyke akademie om Christen onderwysers op te lei in Namibië. Na voltooiing van die beoogde graad sal die studente 'n geakkrediteerde graad ontvang om te kan onderwys gee. Vir meer inligting oor AROS en die beplande kursus kyk op die internet: [aros.ac.za](http://aros.ac.za) VARS - Onderwys sal aanvanklik begin met die BEd Grondslagfase in Afrikaans en beoog om so spoedig moontlik die volgende fases van onderwys ook te implementeer. VARS het geen winsoogmerke nie. Alle inkomste word teruggeploeg om die doelstellings van die Vereniging te bereik.

### **Huidige projekte sluit in:**

1. Die aanpassing van die geakkrediteerde Suid-Afrikaanse Kursus om aan die Namibiese vereistes en omstandighede te voldoen.
2. Die inrigting van 'n mediateek (Biblioteek)
3. Aansoek om Akkreditasie van kursus.
4. Aansoek om Registrasie van die kursus.
5. Identifisering van klaskamers.
6. Werwing van dosente.
7. Oprigting van 'n permanente kantoor in Windhoek.

### **Befondsing:**

Ons is egter afhanklik van donasies om hierdie belangrike projek in Namibië aan te pak, daarom nader ons u om die volgende opsies van ondersteuning te oorweeg:

1. In die eerste plek u volgehoue voorbidding vir hierdie taak.
2. Geldelike donasies in die vorm van 'n eenmalige bedrag of maandelikse aftrekorder.

Met dank vir u oorweging. Tot eer van God, ter wille van ons kinders!

Ds. DP Prinsloo Dr. EE Kesslau Uitvoerende Hoof Adjunk

### **Bankbesonderhede:**

Rekeningnaam: VARS Bank: FNB – Outjo – Namibië Takkode: 280-773

## **SUSTERSAAMTREK-Saterdag 10 Maart 2012**

### **Gereformeerde Kerk Klerksdorp**

Die susters word hartlik uitgenooi na bogenoemde saamtrek.

**Dagfooi:** R85 per persoon

**Tema:** "Gelowig Vrou in die hande van die Pottebakker"

**Spreeker:** Dr. Maryn Botha, Nasionale Voorsitter, Helpende Hand, Solidariteit.

**SUSTERS WAT DIE SAAMTREK WIL BYWOON, MOET ASB.**

**VOOR VRYDAG 17 FEBRUARIE 2012 DIE**  
**DAGFOOI INBETAAL BY BETS (084-257-9481) OF**  
**SANTIE (018-468-3553).**

"'n Donasie vir Die Vroueblad sal by die saamtrek opgeneem word."



## **OPVOLG-AKSIE - ONTDEK JOU GAWES-KURSUS**

Almal wat die kursus "**Ontdek jou gawes**" in 2011 gedoen het, let daarop dat daar op **2 Maart 2012 om 18h00 by die kerkgebou** 'n opvolggeleentheid sal wees waar groeperinge gedoen gaan word. Dis belangrik dat al die kursusgangers wat die vorige aanbieding bygewoon het, daar sal wees!

"Kom laat ons optrek hiervandaan, om na die Heer se huis te gaan..."

Hennie Venter, Vic van der Walt

## **LIEF EN LEED**



- **Sr. Emma Bezuidenhout** is die afgelope week weer geopereer. Ons is dankbaar dat die operasie goed afgeleë het. Sy is in Saal 8 in die Tshepong Hospitaal. Ons bid haar spoedige herstel toe en dink aan haar in die tyd van pyn en ongemak. (Wyk17 **018-468-1372**)

❖ *Swyg, totdat jy weet wat om nie te sê nie.*

#### 4. SIMBAAL 12 Februarie 2012

##### KOLLEKTES

| Datum        | By die diakens | Sakkies by die deure      |
|--------------|----------------|---------------------------|
| 12 Februarie | Barmhartigheid | GKSA Sustentasiefonds     |
| 19 Februarie | Barmhartigheid | GKSA Dankbaarheidsfonds   |
| 26 Februarie | Barmhartigheid | GKSA Emeritaatsversorging |

##### GEMEENTEPROGRAM

Sondag 12 Februarie tot Saterdag 18 Februarie 2012

|                       |                         |       |
|-----------------------|-------------------------|-------|
| Sondag 12 Februarie   | Oggenddiens             | 09:30 |
| Sondag 12 Februarie   | Katkisasie Les 3        | 10:30 |
| Sondag 12 Februarie   | Aanddiens               | 18:00 |
| Sondag 12 Februarie   | Bybelstudie Konsistorie | 19:00 |
| Woensdag 15 Februarie | Bybelstudie Pastorie    | 10:00 |

##### TEESKINKBEURTE


|                          |                         |
|--------------------------|-------------------------|
| Sondag 12 Februarie 2012 | Wyke 26 & 27            |
| Sondag 19 Februarie 2012 | Wyke 28 & 01            |
| Sondag 26 Februarie 2012 | Geen teeskink. Nagmaal. |

##### VERJAARDAE

12 Februarie tot 18 Februarie 2012

|         |                      |        |              |
|---------|----------------------|--------|--------------|
| 13 Feb. | Bekkie Hanekom       | Wyk 07 | 018-468-5052 |
| 13 Feb. | Denice Pretorius     | Wyk 09 | -----        |
| 16 Feb. | Magdel du Plessis    | Wyk 09 | 071-633-0024 |
| 16 Feb. | Marie van der Walt   | Wyk 04 | 018-468-5483 |
| 17 Feb. | At Kruger            | Wyk 04 | 018-468-3976 |
| 17 Feb. | Anna-Marie Louw      | Wyk 13 | 018-431-1637 |
| 17 Feb. | Rina Steenkamp       | Wyk 20 | 083-233-3607 |
| 18 Feb. | Jeanette de Jager    | Wyk 19 | 018-468-5626 |
| 18 Feb. | Annelise v Jaarsveld | Wyk 02 | 083-246-0120 |

*Baie hartlik geluk met jou verjaardag. Daar word  
gebid vir die seën van die Here op jou nuwe  
lewensjaar.*



#### SIMBAAL 12 Februarie 2012

5.

##### ADAM EN EVA: TWEDE BEDRYF

Lees: Genesis 16:1-16

Teks: Genesis 16:5

Om te praat van groot sondes en klein sonde tjies is nie Bybels nie. Sonde is sonde, soos dood, dood is. Daar is nie iets soos baie dood of min dood nie. Streng genome kan die woord sonde net in die enkelvoud voorkom want wat ons sonde noem is niks anders as om God nie op sy woord te neem nie, om aan God ongehoorsaam te wees. Dit is die punt waar Sarai sondig (Gen.16). Eers soek sy 'n noodoplossing vir haar en Abram se lewensprobleem. Hulle probleem is hulle kinderloosheid. Dan besluit Sarai om self die probleem op te los en nie meer op God te wag vir uitkoms nie. Sy gee haar slavin Hagar vir Abram om 'n kind by te kry wat as haar kind beskou kan word (vs.2). Maar haar oplossing kom negatief na haar toe terug. Sarai ervaar dat Hagar, nou dat sy Abram se kind verwag, haar minag. Sarai is met die situasie bitter ongelukkig. Dit is die gevolge van die sonde wat vir haar bitter is. Sarai kan dit nie verdra dat Hagar, haar slavin, Abram se kindjie verwag nie en dat sy haar die meerdere van haar meesteres voel nie. Hagar is eintlik self die oorsaak van haar ongelukkigheid. Maar nou moet daar 'n skuldige aangewys word. En meteens word die geskiedenis van **Adam en Eva** herhaal in Abram en Sarai. Sarai beskuldig vir Abram: “*Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur.... Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys*” (vs.5). Die oorsaak van die bittere gevolge van die sonde soek ons gereeld by iemand anders. By Hagar kan hoegenaamd geen skuld gesoek word nie want as slavin was sy willoos uitgelewer aan die bese planne van Abram en Sarai. Maar sy ly ook bitter onder die besondere situasie. Sarai het haar slavin so sleg behandel dat sy weggeloop het (vs.6). In die woestyn beland sy in groot nood en ellende totdat God haar tegemoet kom en red (vs.7-16). **Hoe ly ander dikwels vanweë jou sonde.** Dink aan die ellende wat oor die farao van Egipte kom vanweë Abram se sonde (Gen.12:17). Die sonde maak dat ons in 'n kranksinnige wêreld lewe vol onregverdige beskuldigings en pynlike verwyte. Jou roeping as kind van God is om mense deur jou geloof en voorbeeld na God te trek en hulle nie af te stoot en te verstoot nie. Sonde het nie net 'n gevolg in jou eie lewe nie maar dit

dring ook deur tot die lewe van medemense. Die verlossing in Christus  
stel jou in staat om vir jou medemense 'n bate te wees en nie 'n las nie.

*Dr. Nico van der Merwe*